**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**

**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 25 OKTOBER 2022 OM 10:00 TE MARLYNSTAAT 10, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Martiens Kuneke
Maranda Degenaar

**1 OPENING & VERWELKOMING**

Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy open die vergadering met gebed.

**2 VERSKONINGS**

Otto Pepler
Buks Degenaar

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**

Die notule van die vergadering, gehou op 10 Augustus 2022, word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Hylien. Sekondant: Maranda

**4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**4.1 FINANSIES**

Martiens bespreek die Finansiële staat. Sien staat aangeheg.

Die totale ontvangste styg met R4 000. Die totale uitgawes styg met R19000 – As gevolg van die aankoop van die strandbankies, die bossiekapper en lone.

Martiens stel voor dat Walter-hulle maandeliks voorsien word van R600-00 vir uitgawes soos, bv. brandstof, drukwerk, foon, ens. Dit sal as 'n algemene uitgawe op die boeke verskyn. Die vergadering aanvaar die voorstel.

Anita stel voor dat 'n eenmalige bedrag van R1 000 aan Gerlinde Kerling toegestaan moet word vir haar uitgawes om die honde van Umzamowethu na die Veearts te vervoer vir sterilisasie. Riekie sekondeer die voorstel en dit word goedgekeur. Die fondse saal verhaal word van die vorige DBV –rekening.

Riekie vra vir 'n lys van persone wat reeds vir die Kersmark stalletjies betaal het.

**AKSIE: MARTIENS**

**4.2 GEMEENSKAPSAAL**

Carla Schoeman wat vroeër by die DA kantore gewerk het, is nou in diens by die Burgemeesterskantoor. Sy is behulpsaam met navorsing en behulpsaam met take verbonde aan die Burgemeesterskomitee. Al die e-posse aan DA Raadslid Shena Ruth gerig

oor die saal en die toeriste borde, het Shena na Carla haar verwys is aandag. Dit behels steeds onderhoud van die dak van die saal, vervanging van vensters en die Memorandum van Verstandhouding oor die bestuur van die saal.

Maranda is tans besig met die maak van die bordjies wat op die hek gaan verskyn met die telefoonnommers van Adriaan, Walter en Maranda daarop om navrae oor die saal te hanteer.

**AKSIE: MARANDA & WALTER**

**4.3 OMGEWINGSAKE**

**4.3.1 DUINE**

Walter noem dat daar tans weer op die duine gewerk word. Takke word weer op die punte van die duine gepak.

Hylien berig dat die takke 'n probleem is, dit word rondgesleep en stukke breek af. Dit bly op die sand/duin lê en veroorsaak beserings en lyk onooglik. Walter herinner die vergadering wat die toestand van die duine was, voor dit gerehabiliteer is. Die duine het tot in Branderstraat gelê, erwe was bedek met sand en die mense in die onderkant van die dorp kon nie die see sien nie. Die takke word gebruik om te help om die duine te stabiliseer. Dit het reeds gelei tot plantegroei op die rande van die duine. Dit is die langtermyn oplossing.

Walter onderneem om wel die klagte met Nomvelo te bespreek. Beter opruiming is nodig na die takke na die duinrande gesleep is.

**AKSIE: WALTER**

**4.3.2 VERKEERSEILANDE**

Martiens noem dat die eilande en parkeerterrein voor die vakansieseisoen skoongemaak sal word.

**AKSIE: MARTIENS**

**4.3.3 SYPAADJIES**

Walter het die sny van gras en bossies op die sypaadjies met Ivan van die Munisipaliteit se parkeafdeling, opgeneem. Hy sal druk bly plaas sodat daar nie 'n herhaling is van die vorige jaar dat nie al die sypaadjies gesny is nie.

**AKSIE: WALTER**

**4.4 KOMMUNIKASIE**

**4.4.1 Kwartaalverslag**

Walter is besig met die kwartaalverslag. Dit sal weer in konsep aan almal aangestuur word vir insette asb.

**AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE**

**4.4.2 NUUSBRIEF**

Walter versoek hulp met die opstel daarvan. Foto's oor die strandskoonmaakaksies, toegang na die fontein en die voetslaanpad word o.a. benodig.

**AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE**

**4.5 WATERVOORSIENING**

Waterprobleme word deurlopend dieselfde dag aangespreek. Dale en Andries werk goed saam met die Buks.

**6.6 PAAIE**

Walter bedank weereens vir Buks vir die deurlopende werk aan die paaie binne Oesterbaai.

Daar is 'n kontrakteur aangestel om die werk aan die Provinsiale paaie na Oesterbaai te doen. Die DA Raadslid, Shena Ruth, het belowe dat daar onmiddellike aksie sal wees om die slegste plekke op die pad reg te kry. Randall Moore het gesê daar is nog geld vir een skraap. Dit sal in November geskied.

**4.7 KERSMARK**

Maranda en Buks kan ongelukkig nie tydens die Kersmark help nie. Johan en Madelein Hennop sal genader word vir hulp.

Riekie sê daar sal teen die einde van November 'n besluit geneem word oor die binne en buite stalletjies. Sy noem dat daar genoeg kosstalletjies is. Die Proteas moet ook afgehaal word. Walter bied hulp hiermee aan.

Maranda sal die vlaggies en klippies vir die naamgewing van die staproete voltooi.

Walter onderneem om die Munisipale Toerisme persoon se foonnommer vir Riekie te stuur. Elwina sal help met die advertensie van die Kersmark.

Maranda sal dit ook op die kerkafkondigings plaas.

**4.8 KERSDIENS**

Maranda bevestig dat Ds. Tiaan van der Merwe die Kersdiens sal waarneem. Hy sal al die dienste gedurende Desember waarneem.

**4.9 ALGEMENE JAARVERGADERING.**

Dit sal plaasvind op 20 Desember om 10:00 in die Gemeenskapsaal. Daarna sal die saal reggemaak word vir die Kersmark op 21 Des.

**4.10 UMZAMOWETHU.**

Walter noem dat die gevaarlike sloot vol staande water wat hy gerapporteer het, oopgemaak is. Die gemors is nie verwyder nie. Foto's daarvan is aangestuur na Shena vir opvolgwerk.

**4.11 BESTUURSKOMITEE**

Hylien noem dat haar termyn verstryk en dat sy nie weer beskikbaar is nie. Die res van die lede is wel beskikbaar om voort te gaan met die werk.

**4.12 BRANDWEER**

Walter meld dat die Brandweerdepot op die begroting van 2024 van die Munisipaliteit verskyn. In die IDP word die herbou van die depot vermeld.

Walter meld dat hy nie die oor die rekenaarprogram beskik om die Noodplan by te werk nie. Dit sal wel nog aandag geniet.

**AKSIE: RIEKIE, BUKS & WALTER**

**4.13 BIBLIOTEEK**

Walter onderneem om Alviena se nr. aan Hylien te voorsien. Sy het aangedui dat sy behulpsaam kan wees met rakke.

**4.14 DORPSVERFRAAIING**

**4.14.1 VOETSLAANPAD**

Walter noem dat die vorm vir die kompetisie vir die naamgewing van die voetslaanpad voltooi is, maar nog in A5 grootte gedoen moet word. Maranda onderneem om dit in die regte grootte te laat druk.

**AKSIE: MARANDA**

**4.14.2 VOORLEGGING BOUWEN SCHELLINGERHOUT**

Een van die voorstelle van Bouwen behels die bou van 'n muurtjie by die ingang van die Dorp met die name van die Oesterbaai en Umzamowethu in mooi letters daarop. Die ontwerp is pragtig. Bouwen het reeds kwotasies bekom en het onderneem om ook 'n kwotasie van Marinus te bekom.

Walter het van Ivan Kamte, tydens 'n opname van die sypaadjiewerk, verneem dat die Wyksraadslid onderneem het om haar wyksraadslid-begroting vir verfraaiing van dorpe aan te wend – veral plante. Die bedrag vir elke wyksraadslid beloop R150 000. Walter sal Rdl. Ntsoko nader vir 'n bydrae.

**AKSIE: WALTER EN OTTO.**

**4.14.3 BANKIES OP DIE STRAND**

Walter noem dat daar 2 bankies op die strand geplaas is. Een voor Rita se huis en een by die swem area. Maranda sal sorg dat naamplaatjies wat dit identifiseer as eiendom van die OIV daarop aanbring word.

**AKSIE: BUKS EN MARANDA**

**4.14.4 VULLISDROMME**

Walter onderneem om Tommie se nr. aan Martiens te voorsien. Hy was altyd in die verlede behulpsaam daarmee. Martiens sal hom kontak. Sommige dromme het vervanging nodig en nog 2 of 3 kan aangebring word.

**AKSIE: MARTIENS**

**4.15 MUNISIPALE WYKSKOMITEE**

Walter noem dat daar nog nie weer 'n vergadering gehou is nie. Die Wyksraadslid het doodsdreigemente ontvang.

**5 NUWE SAKE**

**5.1 LEWENSREDDERS**

Walter vra dat Riekie vir Lodewyk moet kontak om vas te stel of daar wel lewensredders gedurende Desember aangestel gaan word.

**AKSIE: RIEKIE**

**5.2 SEKURITEIT IN OESTERBAAI**

Walter meld dat baie inwoners met planne na vore gekom het na die roof wat plaasgevind het. Dit behels o.a. dat alle bouers hulle werkers polisieklaring moet laat ondergaan; alle bosse in die dorp moet afgekap word; en die dorp moet met 'n valhek afgesper word. Nie een van hierdie voorstelle is egter finansieel of andersins uitvoerbaar nie.

Die OIV sal egter moet poog om met die Boerevereniging saam te werk. Ongelukkig was toeganklikheid tot die Boerevereniging in die verlede problematies. Hierdie staan oor vir verdere bespreking.

**5.3 BESOEK VAN RAADSLID SHENA RUTH**

Die komitee is dit eens dat die besoek van Shena Ruth 'n positiewe ervaring was. Sy het onderneem om van die vraagstukke verder te neem.

**6 VOLGENDE VERGADERING**

Sal bekend gemaak word.

**7 AFSLUITING**

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

| | |
|---|---|
| ............................................ | ............................................ |
| **GOEDGEKEUR** | |
| **VOORSITTER** | **SEKRETARESSE** |

**DATUM:**